higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N3

(4110033)

1 April 2021 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

018Q1A2101

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INDUSTRIËLE ORIËNTERING N3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Arcelor-Mittal	A	Suid-Afrika se grootste staalproduseerder
1.2	Naatlose buise en plate	B	primêre staalprodukte en halfvoltooide produkte
1.3	Ysterhoudende skrootmetale	C	in 2001 deur metaalhersikleerders uitgevoer
1.4	Yskor ('Iscor')	D	maatskappy wat in 1928 gevestig is en staalvoorraad vervaardig
1.5	ISO 9001	E	titel van 'n dokument wat vereistes uitspel
1.6	WNNR ('CSIR')	F	Suid-Afrika se grootste finansiële instelling
1.7	SABS	G	wat in 1945 deur 'n Parlementswet in Pretoria gevestig is
1.8	IOK ('IDC')	H	organisasie wat verseker dat standaarde gehandhaaf word
1.9	SAQI	I	sambreelorganisasie wat ten opsigte van gehalte 'n rol speel
1.10	AMCOR	J	strategiese sake-eenhede
		K	African Metals Corporation
		L	tipe metale wat vir gebruik geproduseer word

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Leierskap kan gedefinieer word as die kuns om mense in die organisasie te motiveer om gewenste resultate te behaal.

Noem die VYF M'e van besigheid wat deur goeie leierskap byeengebring word. (5)

2.2 Tabelleer VYF verskillende eienskappe van die mensgesentreerde leier en die taakgesentreerde leier in die werkplek. (5 × 2) (10)

2.3 Bespreek VYF van die baie rolle van die SABS. (5)

2.4 Noem VYF maatskappye in Suid-Afrika wat staal produseer. (5)

[25]

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings, wat op burokratiese organisasies gebaseer is, WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

3.1 Organisasies kan op baie maniere gestruktureer word.

3.2 Tak, departement, werkgroep en individu, is entiteite van 'n organisasie.

3.3 Struktuur is baie belangrik in 'n burokratiese organisasie.

3.4 Organisasiestruktuur is die ruggraat van 'n maatskappy.

3.5 Organisatoriese grafieke moet in elke departement bestaan.

3.6 Burokratiese organisasies is onpersoonlike werkplekke.

3.7 Leiers wat hoog geag word, is die besluitnemers.

3.8 Strukture kan relatief hoog of relatief plat wees.

3.9 Burokratiese strukture kan kreatiwiteit aanmoedig.

3.10 Mag is in die hande van 'n paar hooggeplaaste lede.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem SEWE uitwerkings van goeie toesighouding in die werkplek. (7)

4.2 Bespreek die terme wat ten opsigte van werk gebruik word:

4.2.1 Vraag

4.2.2 Nut

4.2.3 Toevoer

4.2.4 Markprys

(4 × 2) (8)

4.3 Noem VYF stappe wat 'n toesighouer moet volg om beheer oor sy/haar ondergeskiktes uit te oefen. (5)

[20]

VRAAG 5

5.1 In verskillende situasies moet toesighouers sekere eienskappe aanwend om bepaalde kwessies op te los.

Gee EEN praktiese voorbeeld van elke term wat duidelik aandui dat die toesighouer die eienskappe aangewend het om kwessies by die werk op te los:

5.1.1 Intelligensie

5.1.2 Integriteit

5.1.3 Lojaliteit

5.1.4 Billikheid

5.1.5 Kennis van die werk

(5 × 1) (5)

5.2 Noem die VYF belangrikste toesighoudingstyle wat deur toesighouers aangewend kan word. (5)

5.3 Tabelleer TWEE verskillende tipes maatskappye en bespreek elkeen. (6 × 2) (12)

5.4 Bespreek moontlike oorsake van ontbinding van 'n vennootskap. (6)

5.5 Bespreek SEWE maatreëls wat geneem kan word om ongelukke te voorkom. (7)

[35]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou